# Jurie Hendrik le Roux[1] – Deernisvolle Mens en Veelsydige Akademikus

**Dirk Human (UP)**

***ABSTRACT***

***Jurie Hendrik Le Roux – Compassionate Man and Multifaceted Academic***

*Jurie le Roux can be described as a compassionate and multifaceted scholar. He is a historian in the true sense of the word. Besides his interest in Old Testament studies his passion for Church History, Philosophy, Sociology, Music, Culture and his mother tongue, Afrikaans, prevails. As Old Testament scholar Le Roux has become known for his Pentateuchal interest and studies. Nevertheless, his academic contribution to prophetical and wisdom studies are not unimportant. On the South African Old Testament scenery his critical voice to establish a critical and historical conscience among the theological establishment probably counts as one of his fundamental academic contributions. His establishment of the annual Pro-Pent Seminar at the University of Pretoria and his vision for telematic distance education add value to the academic work of this multifaceted 'scholar'.*

## A INLEIDING

Nêrens in die geskiedenis van die mensdom bestaan daar 'n man soos Jurie Hendrik le Roux nie. Jurie is enig in sy soort. As deernisvolle mens en veelsydige akademikus bly hy 'n ewige student. Hy is 'n 'scholar' in die ware sin van die woord en speel in dieselfde akademiese liga as sy tydgenote en Ou Testamentici soos W S Prinsloo, F E Deist, J A Loader en H Olivier, wat hul stemme ondubbelsinnig laat hoor het. Op die landskap van die Ou-Testamentiese Wetenskap is hy aan die einde van die twintigste, begin van die een-en-twintigste eeu een van die belangrikste rolspelers. Daarvan getuig die kwaliteit van sy menswees en akademiese bydrae.

[1] Hierdie artikel dra ek met my hoogste waardering op aan 'n mentor, kollega en vriend, Jurie le Roux, met sy sestigste verjaardag op 14 November 2004. Hy is 'n akademiese 'scholar' by wie ek van my eerste kennismaking met hom in 1985 steeds leer. Sy lewensinsig en goeie vriendskap het oor die jare vir my baie beteken. Sy menslikheid en aardsheid streef ek na. Ook sy deernis vir mense, veral vir diégene wat swaarkry, maak van hom 'n natuurlike en egte teoloog.

Tog het Jurie le Roux ’n sonderlinge stem. Jy hoor hom tussen duisende ander stemme. Miskien sal die geskiedenis hom uitwys as dié Ou Testamentikus wat by uitstek die *belang van die historiese bewussyn* onder sy mense in die kerk (meer spesifiek die Ned Geref Kerk), in die teologie en in die Suid-Afrikaanse samelewing wou tuisbring. Met die talle geliefdes in sy lewe verryk hy student en kollega met sy geïntegreerde kennis en entoesiasme vir wetenskap en kultuur. Behalwe vir die Ou Testament en Teologie sluit sy belangstellings sy hartstogtelike liefde vir Kerkgeskiedenis, Sosiologie, Filosofie, Geskiedenis, Musiek en Kultuur in. Afgesien hiervan het hy ’n lewendige belangstelling in die Afrikaanse taal en kultuur.

Ten spyte daarvan dat Jurie nie ’n groepsmens is wat hom laat vasvang, inhibeer of intimideer deur groepsdenke en nasionale sentimente nie, beoefen hy sy teologie primêr in en vir die Kerk. Sy liefde vir die Kerk, Kerk-geskiedenis en die Kerkvaders bevestig dit. Vanaf 1973 is hy 33 jaar lank ononderbroke deeltydse predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die gemeente *Harmonie*, ’n middestadsgemeente in Sunnyside, Pretoria. Van dié gemeente het hy ook ’n gemeentegeskiedenis geskryf (1982:1-68). Daar preek hy gereeld as pastor.

Miskien reflekteer enkele artikels uit sy pen die kern van sy teologie: *God alles, die mens niks...* (1983:26-38) en *Die grote God en die kleine mensie* (1994:56-67) illustreer hoe hy teologies dink. Sy teologie is deurdrenk van God se grootheid, terwyl mense slegs stippels of dowwe merke (alhoewel nie onbelangrik nie) op God se landskap uitmaak. Daarom is Le Roux se werk telkens meer of anders as wat woorde oor hom kan sê.

As een van drie kinders is Jurie op 14 November 1944 op Sterkstroom in die Oos-Kaap gebore. Hy bring ’n groot deel van sy jeugjare op Sterkstroom deur. Daarna verhuis hy saam met sy ouers eers na Oos London en toe na Pretoria, waar hy die res van sy skoolopleiding ontvang. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Langenhoven (Pretoria).

Jurie is met Lynette Swart getroud. Uit die huwelik is twee dogters gebore, naamlik Lizelle en Jurné. Lizelle is ’n kunstenaar en violis, terwyl Jurné, afgesien van haar musikale aktiwiteite, ’n loopbaan as juris volg.

## B JURIE LE ROUX AS VEELSYDIGE AKADEMIKUS

### 1 Jurie as student en akademikus

In 1963 begin hy sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. Hy voltooi eers sy BA Admissie graad (1966). Voordat hy ’n Diploma in Teologie (1970) behaal, voltooi hy ook ’n honneursgraad in Sosiologie (1968). Hy spesialiseer verder in Godsdienssosiologie, waarin hy ’n magister-verhandeling skryf, getiteld *’n Godsdienssosiologiese ontleding van Max Weber se stelling*

*dat Protestantisme verantwoordelik is vir kapitalisme*. Al hierdie grade verwerf hy aan die Universiteit van Pretoria.

In die volgende epog van sy lewe verwerf Jurie twee doktorsgrade aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Die eerste was 'n DD graad in Kerkgeskiedenis (1976), terwyl die tweede 'n DTh graad in Ou Testament (1981) is. Sy proefskrif in Kerkgeskiedenis handel oor *Die paasbeskouing van Gaudentius van Brixia,* terwyl die tweede proefskrif die titel *Eksodus en Sinai* het. In laasgenoemde speel die teologie van die Duitse teoloog, Gerhard von Rad, 'n sentrale rol. By hierdie onderbou van Le Roux se akademiese opleiding word dit duidelik waarom die sosioloog, Max Weber, die Kerkvaders asook die Duitse teologie en Gerhard von Rad so 'n bepalende invloed op sy lewe en teologiese denke uitgeoefen het. Die kerkhistorikus Jan Stoop se fyn en intensiewe vinger op die geskiedenisteks het Le Roux waarskynlik geslyp om sy aanvoeling vir die historiese bewussyn te ontwikkel.

Le Roux begin sy akademiese loopbaan as tydelike lektor aan die Universiteit van Suid Afrika (1971-1972). Hierna word hy bevorder tot lektor (1973-1976) en uiteindelik tot senior lektor (1976-1981). In die vroeë tagtiger jare word hy eers tot mede-professor (1981-1985) en toe tot vol professor (Oktober 1985 – 1986) bevorder.

Aan die einde van 1986 word Jurie le Roux deur die Ned Geref Kerk as opvolger van professor A H van Zyl aan die Universiteit van Pretoria beroep. Hierdie beroep lui die tweede fase van Le Roux se akademiese loopbaan in. Vanaf Januarie 1987 werk hy binne die Departement van Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Sy teologiese invloed op voornemende predikante van hierdie kerk sou voortaan 'n rigtinggewende stimulus in die Ned Geref Kerk wees.

Vanaf 1986 – 1997 vorm Jurie le Roux saam met Riempies (W S) Prinsloo seker die mees invloedrykste Departement van Ou-Testamentiese Studies op die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap scenario. Prinsloo se meer teksimmannente benadering tot eksegese en Le Roux se historiese benadering tot teksanalise het mekaar komplimeterend aangevul. Vanuit hierdie departement is die Ned Geref Kerk met sowel sinchroniese as diachroniese perspektiewe in Ou-Testamentiese studie verryk. Die aard van die Ned Geref Kerk se teologiese spiritualiteit asook die sterk invloed van die teksimmanente eksegetiese benadering het dit egter moeilik gemaak om 'n geïnternaliseerde historiese bewussyn gedurende hierdie tydperk in die Suid-Afrikaanse kerklike samelewing te vestig.

## 2 Pentateug-spesialis

Jurie le Roux se akademiese loopbaan toon 'n besondere toenadering tot die Pentateug. Sy belangstelling in en navorsing oor hierdie deel van die Ou Testament strek vanaf sy jeugjare as akademikus. Sy proefskrif *Eksodus en Sinai* (1981:1-264; 1983:105-113) en artikels soos die credoteorie (1976), *die Jahwis en die Heksateug* (1979:3-15), navorsing oor Eksodus (1984:59-78), die aartsvaders (1982), Abraham (1989:55-63), Sending en die Pentateugkritiek (1990:186-197) asook ander Pentateug vraagstukke (2005:1-21; 265-280; 2005:1-192) bevestig sy volgehoue toewyding op hierdie studieveld.

Dit was 'n informele gesprek met die Pentateugkenner Eckart Otto op 6 Augustus 1998 tydens die internasionale IOSOT-kongres in Oslo, Noorweë, wat tot 'n nuwe inisiatief rondom Pentateugnavorsing in Suid Afrika gelei het. Jurie le Roux het dit inisieer. Sedert 2001 het Jurie, in samewerking met die veelsydige Max Weber kenner en Münchener teoloog, Otto, aan die Universiteit van Pretoria 'n jaarlikse spesialisasie seminaar oor die Pentateug begin. Hierdie inisiatief staan as Pro Pent (Projek Pentateug) bekend en het deel geword van die Ou-Testamentiese Werksgemeenskap se subgroep aktiwiteite. Sowel nasionale as internasionale Pentateugkenners is hierby betrek. Die jaarlikse driedaagse seminaar vind sedertdien in Augustus in Pretoria plaas.

Pro Pent se invloed en rykwydte het tussen 2001 en 2006 so uitgebrei dat die seminaar internasionale status verkry het. In 2004 en 2007 vind die geleentheid aan die Ludwig Maximillian Universiteit in München (Duitsland) plaas, terwyl die byeenkoms vir 2007 by die internasionale SBL kongres (Wenen, Oostenryk) 'n tydgleuf ontvang. Hierdie internasionale blootstelling, saam met die voortgaande internasionale publikasie van seminaar-voordragte (2005:1-192) verleen aan hierdie akademiese geleentheid 'n sonderlinge statuur. Met hierdie inisiatief het Jurie le Roux 'n akademiese tradisie geskep waarop die studie van die Ou Testament in Suid Afrika trots kan wees en nog lank kan voortbou.

## 3 Ander Ou-Testamentiese navorsingsvelde

Le Roux se Ou-Testamentiese bydrae is nie net tot die Pentateug beperk nie. Alhoewel die latere deurwinterde Le Roux na sy jeugliefde van Pentateugnavorsing terugkeer, was sy akademiese lewe gekenmerk deur 'n breër belangstelling en navorsing in die Ou Testament. Hy het die korpusse van die Profete, Geskrifte en Nuwe Testament met eweveel entoesiasme aangepak.

Oor die Profete-korpus begin hy publiseer in *Woorde wat ver kom* (1986), waarin hy 'n oorsigtelike perspektief oor die werk van die Ou-Testamentiese profete gee. Daarna volg uitgebreide essays oor die profete Esegiël, Obadja, Haggai, Sagaria en Maleagi in *Tweegesprek met God* (1987). In *Rewolusie en reïnterpretasie*, wat vier herdrukke beleef het (1987; 1992; 1994; 1997),

beskryf Jurie die rol wat verskeie profete in Israel se geskiedenis en teologie gespeel het. Vir die *Verklarende Bybel* in Afrikaans skryf hy kommentaar op 1 & 11 Konings (1989:367-439), terwyl hy vir die Afrikaanse *Verwysingsbybel* verwysings op 1 Konings (1998:382-421) voorberei. Perspektiewe op enkele profete (1987:20-32; 1994:60-90), en die verhouding tussen profete en eskatologie (1988:1-25), asook die apokaliptiek (1981:41-74; 1985:79-80) vloei as vrug uit sy pen voort.

Die *Scheiterung* en teleurstelling in die werk en verwagtinge van die Ou-Testamentiese profete onderstreep vir Le Roux enersyds die grootheid van God, maar andersyds beklemtoon dit die geringheid van die mens (1987:216-230). As die profeet se woord teleurstel bly God alleen oor om sy werk in sy skepping deur te voer. Daarom is die 'God van die klein dingetjies' grootliks die opskrif bokant die portret wat Jurie se teologie van die profete (met aanstigting uit Sagaria) kenmerk.

Binne die ruimte van die Ou-Testamentiese Geskrifte is Jurie se liefde vir die wysheidsliteratuur bekend (1991:342-361; 2001:179-180). Volgens die Ou Testament is dit die wysheid, asook die mens se instelling teenoor wysheid, wat die lewe se sinvolheid en sukses bepaal. Daarom is die nadenke oor lewenssin vir Le Roux veral vanuit die invalshoek op lyding 'n belangrike tema (1989:55-59; 90-93; 1990:48-57; 1994:11-27). Sy akademiese werk op die wysheid dissemineer voorts in 'n populêr-wetenskaplike Bybelstudie oor praktiese lewenswysheid (1996:1-87) asook in 'n moderne Bybelvertaling op Spreuke, Prediker en Hooglied (1996:1050-1122; 2006:789-842). Binne hierdie afdeling van die *Tenach* raak Jurie se akademiese werk verder aspekte van psalmnavorsing aan. Opvallend is dat hy invalshoeke uit die kerkgeskiedenis neem, naamlik by Luther (1983:26-38) en Augustinus (2003:625-634; 2004:123-130).

Teologie en hermeneutiek is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Spreke oor God kry juis gestalte vanuit mense se paradigmas oor teksverstaan en Godsverstaan. Dit sluit die nadenke in oor hoe die Bybel tot kanon ontwikkel het of hoe die brug tussen God en mens deur die Bybelteks gestalte kry (1982:251-264; 1994:27-37). Selfs die rol wat eksegese in die prosesse van teksverstaan speel, kan 'n eksegeet nie vermy nie. Le Roux spreek dit aan. In gesprek met die immanente lees van die Bybel (1989:383-391) sien hy die proses van eksegese as 'n spel (1996:41-56). Met sy eie historiese benadering tot eksegese is *homo ludens* se spelende omgang met die Bybelteks vir Le Roux 'n kreatiewe proses om aspekte van Bybelse waarhede te ontdek. Sy hermeneutiek reflekteer die nadenke dat 'n mens waarhede nooit in woorde kan vasvang nie, maar spelend kan ontdek (1998:120-131). 'n Saak is altyd groter as die beskrywing daarvan. Soveel te meer is dit die geval wanneer 'n teoloog oor sy/haar eie verstaan van God reflekteer.

Vroeg in sy akademiese loopbaan het Jurie oor die aard, taak en metode van teologie en die benadering tot die Ou Testament besin (1973:127-137; 1974:22-32; 1983:114-129). Le Roux omskryf die verband tussen die Ou-Testamentiese teologie en die geskiedenis van Israel (1987:67-73) asook paradigmas en progressie in die teologie (1991:277-292). In lyn met Gerhard von Rad se teologie is die Ou Testament Teologie vir hom ’n navertelling (*Nacherzählung*) van God se groot dade in die geskiedenis – ’n geskiedenis wat agter die Bybelse teks lê en met behulp van argeologie, ikonografie, inskripsies, en ander antieke historiese dokumente gerekonstrueer moet word. ’n Onderskeid tussen die teologie en godsdiensgeskiedenis van die Ou Testament is vir die verstaan van hierdie Eerste Testament lewensnoodsaaklik.

Le Roux bedryf sy teologie solidêr-krities met kerk en samelewing. Daarom skryf hy soms buite die *genre* van streng akademiese artikels. Met populêr-wetenskaplike bydraes of wetenskaplike kleinkuns, soos hy dit sou noem, reflekteer hy oor sy verstaan van rykdom (1991), die bose (1993:11-27), lewenswysheid (1996:1-87), engele (1997:11-31) en seksualiteit (2006). Sy nadenke oor teologie binne die Suid-Afrikaanse samelewing (1995:1-30) asook die belang van teologiese opleiding vir die kerk (1992:291-300; 1997:1-23) illustreer sy kritiese solidariteit met kerk en samelewing.

Selfs die Nuwe Testament het nie Le Roux se penskalpel ontglip nie. Sy lidmaatskap van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap en volgehoue akademiese debat met Nuwe Testament kollegas het hierdie belangstelling gestimuleer en lewendig gehou (1983:28-29; 1988:241-246; 1994:11-43). Vroeg reeds maak Jurie ’n bydrae tot die verstaan van die Nuwe Testament met ’n godsdienshistoriese beskrywing van die Romeinse tydperk (1977:256-290). As respondent was Jurie ’n gespreksgenoot van wyle WS Vorster oor laasgenoemde se verstaan van die Christendom se oorspronge (1981:56-101). Le Roux vervul dieselfde funksie wanneer hy as resensent die Hervormde Kerk se Nuwe Testamentikus, Andries van Aarde, se boek oor Jesus, *Fatherless in Galilee,* ontleed (2002:77-99). Tans is Jurie besig om ’n geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid Afrika te skryf.

Jurie le Roux se akademiese aktiwiteite en betrokkenheid as Ou Testamentikus by Nuwe-Testamentiese studies in Suid Afrika bevestig sy geïntegreerde denke oor ’n Bybelse Teologie.

## 4 ’n Deurwinterde historikus

In sy wese is Jurie le Roux ’n historikus. Anders as ander Afrikaanse teoloë wat historiese denkers geword het, was Jurie dit reeds van die begin van sy akademiese loopbaan af. Op die teologiese speelveld is hy terselfdertyd ’n spesialis in Kerkgeskiedenis. Sedert 1996 doseer hy soms aspekte van Kerkgeskiedenis in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria. Sy spesialiteitsterreine sluit temas uit die Vroeë Kerk

en die Middeleeue in. Le Roux se akademiese besinning oor die paasfees binne die vroeë kerk (1975:23-37) asook sy proefskrif oor die paasbeskouing van Gaudentius van Brixia (1976:1-1-311) het aan sy historiese bewussyn 'n wesenlike vertrekpunt verskaf.

Dit is inderdaad as historikus dat Le Roux sy wêrelde van die Ou Testament, Kerkgeskiedenis en Filosofie integreer. Afgesien van sy *A story of two ways* (1993), waarin hy die navorsing van Ou Testamentici en die stand van Ou Testament navorsing tot publikasiedatum weergee, wys sy analise en interpretasie van belangrike akademici in hul onderskeie dissiplines hoe hy histories met hulle bydraes omgaan. Dit sluit mense in soos Jan Stoop (1985), Johannes du Plessis (1986:15-35), Albertus van Zyl (1988:84-96), Charles Fensham (1990:26-30), Andrew Murray (1992:43-60), Ferdinand Deist (1993:1-20; 1998:449-451), Willem (Riempies) Prinsloo (1989:383-391; 1998:451-453), Willem Vorster (1994:11-43), Carl Borchardt (1995:1-18), Hannes Olivier (1998:453-454), Gerhard von Rad (2002:1577-1592), Hans-Georg Gadamer (2002:383-392), asook Adolf von Harnack en Marcion (2003:124-136). Die gemene deler tussen die figure wat Le Roux beskryf, is die beduidende invloed wat elkeen in 'n bepaalde tyd van die geskiedenis op hul vakgebiede uitgeoefen het. Nie alleen reflekteer elkeen van hierdie persone se akademies-wetenskaplike bydrae 'n invloed op Jurie le Roux se eie persoon en loopbaan nie, maar sy keuse om hulle te analiseer weerspieël sy eie ideaal van en strewe na akademiese en wetenskaplike uitnemendheid.

In die geskiedenis van die Ou-Testamentiese Wetenskap in Suid Afrika is sy boek *A story of two ways. Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa* (1993) seker die belangrikste en invloedrykste refleksie oor die stand van Ou-Testamentiese navorsing van sy beginjare tot 1993. Jurie bied hierin nie slegs 'n interpreterende oorsig oor persone en hulle bydraes nie, maar hy toon aan dat daar twee tradisies of twee weë is waarlangs die Ou Testament in Suid Afrika ontwikkel het, naamlik die diachroniese en sinchroniese benaderings tot Bybelse teksanalise. Waar verskillende aspekte van die Historiese Kritiek die eergenoemde paradigma se vertrekpunte van eksegese en hermeneutiek beïnvloed, is die immanente en strukturele lees van tekste die uitgangspunt van aanhangers van die tweede paradigma.

Le Roux benadruk die groot belang wat die immanente metode en lees van tekste vir Ou-Testamentiese eksegese beteken. Hierdie manier van doen is volgens hom 'n benadering wat sowel die Ou- as Nuwe-Testamentiese wetenskappe sedert Maart 1971 in Suid Afrika grondig en positief beïnvloed het (1993:351). Maar met sy fyn historiese bewussyn slaan Le Roux die spyker op die kop as hy meen dat die Bybelwetenskappe in Suid-Afrika die *Aufklärung* van die 18$^{de}$ eeu grootliks gemis het (1994:198-202). 'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse teologiese *establishment* of *fraternitas* van akademici het die Histories Kritiek en die waarde daarvan nog nie aanvaar of verwerk nie

(1993:351). Hierdie Juriaanse uitspraak van 1993 is sekerlik (dalk in ’n mindere mate) net so geldig in 2006. Die gevolg daarvan is dat die historiese lees van tekste in Suid Afrika swak ontwikkel het. Op hierdie uitdaging wat Jurie le Roux aan die Kerk (in besonder aan die Ned Geref Kerk) en die teologiese *establishment* in Suid Afrika gestel het, blyk daar steeds ’n antwoord skuldig.

*A story of two ways* is nie oral kritiekloos ontvang nie (1995:82-101). Heeltemaal tereg so, want dit is juis in die kritiese gesprek tussen verskillende akademiese en teologiese standpunte dat hierdie boek se besondere bydrae na vore kom. Die Ou-Testamentiese wetenskap in Suid Afrika kan op die internasionale markplein ’n bydrae lewer vanweë selfstandige denke en pluriformiteit wat tegelyk aan Afrika, die Anglo-Saksiese, Amerikaanse en duitssprekende Europese teologiese tradisies verbonde is. *Story* bevestig dat tradisievorming in die vak Ou Testament reeds aan die einde van die 20ste eeu in Suid-Afrika plaasgevind het. Soos in verskeie Europese lande en in Amerika is daar in Suid-Afrika Bybelwetenskaplike tradisies om mee rekening te hou.

Een van die belangrikste insigte vir Bybelverstaan wat Jurie le Roux sy Suid-Afrikaanse *Heimat* probeer tuisbring, is die onderskeid tussen Bybelse en moderne historiografie (1990:23-42). Daar is ’n verskil tussen die geskiedenis van Israel *agter die teks*, en die ‘Bybelse’ geskiedenis *in die teks*. Hierdie twee sake is nie uitruilbare entiteite wat soos vrugteslaai vermeng kan word nie. Daarom gee Jurie inhoud aan die aard van historiese denke (1993:15-35). Godsdiensgeskiedenis en Bybelse Teologie lê ver van mekaar verwyderd, soveel so dat Le Roux se siening selfs die minimum (historiese feite in die teks) van die sogenaamde ‘minimaliste’ uitdaag (1998:477-486).

Uit die aard van sy historiese belangstelling skryf Jurie ook teologiese evaluerings oor die twee akademiese departemente waarby hy in sy loopbaan betrokke was, naamlik die departemente Ou-Testamentiese Wetenskap by Unisa (1987:198-221) en dié van die Universiteit van Pretoria (1988:160-180).

## 5 Liefde vir Sosiologie, Filosofie, Musiek en Afrikaans

Afgesien van sy magister-verhandeling oor Max Weber (1972:1-111) wys Jurie op die belang van Sosiologie vir die verstaan van die Ou Testament (1985:80-90). Die studie van hierdie dissipline het hom bewus gemaak van die rol wat mag binne enige samelewingsverband speel. Daarom is sy eksegetiese oog oop om die magspel tussen verskeie kragte in die samelewing raak te sien, of dit nou in die antieke wêreld, die Bybel of in die moderne konteks van vandag is (1996:359-372; 1998:301-313). Die mag van religieuse idees is kragtig en kan ’n samelewing dryf of verander (2004:743-753). Dit is dus begryplik dat Le Roux se band met Eckart Otto, een van die wêreld se grootste Max Weber kenners, geen toeval is nie. Tydens al sy Suid-Afrikaanse besoeke het Otto se

Max Weber voordragte 'n belangrike deel van sy voorlesings-*repertoire* geword. Jurie het die voordragte organiseer.

Jurie se belangstelling in Filosofie is bekend. In 1994 behaal hy 'n Honneursgraad in Filosofie aan die Universiteit van Suid Afrika. Hy bly steeds 'n aktiewe filosofiestudent wat ook filosofiese hermeneutiek in die teologiese opleiding van studente aan die Universiteit van Pretoria doseer. Filosofie is die asem waaruit Jurie sy teologie bedryf. Daarom is gereelde gesprekke met filosowe en filosofiese byeenkomste by *Café Riche* in Pretoria deel van sy lewensritme. Die invloed van onder andere Karl Jaspers (1995:97), Martin Heidegger en Hans-Georg Gadamer (2002:383-392) lê in Jurie le Roux se akademiese mondering ingebed. Ons kan die name van Jean-Paul Sartre, Albert Camus, Jacques Derrida en talle ander hierby voeg. Dit was Heidegger se onderskeiding tussen rekende denke en denkende denke wat vir Le Roux 'n inspirasie in sy wetenskapbeoefening was aangesien hy die denkende denke as basis vir sy eie teologie-bedryf en wetenskapsbeoefening nastreef. Die nadenke oor denke behoort volgens Jurie die norm vir goeie akademiese werk wees.

Musiek en kultuur is 'n ander lewensaar wat Le Roux se lewe verryk. Op die platteland het Jurie van kleins af as seun met die oor teen die krakerige radiostasies klassieke musiek geluister. Dan het hy die name van groot meesters se bekende musiekwerke met sy klein handskrif op papierjies neergeskryf. Later sou hy die groot werke indrink en op verskillende maniere internaliseer. Saam met sy musikale familie geniet hy byna daagliks hemelse klanke van verskillende klassieke *genres* en ander soorte musiek. Hy besoek gereeld die kleinkunsteater van musikale byeenkomste. Sy twee dogters, Lizelle en Jurné, is professionele musikale kunstenaars terwyl sy vrou Lynette jaarliks die organiseerder van die bekende Eistedfodd asook ander nasionale skoolkoor-kompetisies is. Jurie is daarby 'n fliekkenner. Afgesien van sy eie teater en televisie kykprogram begelei hy gereeld van sy kollegas en vriende om hulle in die fynere kunste van die fliekteater in te lei.

Sy moedertaal, Afrikaans, is vir Jurie le Roux 'n *sine qua non*. Moedertaal verwoord die hart en siel van enige spreker en kultuur. Wat hy vir homself opeis, gun hy ook ander moedertaalsprekers. Dit beteken dat die beoefening van wetenskap hoofsaaklik in die taal van die beoefenaar tuishoort. In Suid Afrika het Afrikaans hom oor dekades heen as wetenskapstaal vir teologie gevestig. Vir Jurie is die intellektuele beweging van die sestigers in Afrikaans 'n voorbeeld van grondige wetenskaplike nadenke en prestasie. Tussen Afrikaans en die wetenskap is daar dus 'n noue verband (1995:24-35). Dit geld in besonder vir die beoefening van die Ou-Testamentiese wetenskap. Indien Afrikaans as wetenskapstaal binne 'n multi-kulturele samelewing soos Suid Afrika met uitwissing gedreig word, is die uitkoms volgens Le Roux om wetenskap in Afrikaans op die internet te bedryf. Die ontstaan van

www.teo.co.za en www.otnet.net staan in noue verband met hierdie telematiese ideaal van Le Roux.

Dit is duidelik dat Jurie le Roux se veelsydige akademiese talente nie tot die Ou Testament alleen beperk is nie. Sy liefde vir Sosiologie, Filosofie, Musiek, Kultuur en Afrikaans bevestig dit.

## 6 Vakverenigings en internasionale blootstelling

Afgesien van sy lidmaatskap van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap (OTWSA) is Le Roux se belangstelling nie net tot die studie van die Ou Testament beperk nie. Sy aktiewe betrokkenheid en lidmaatskap van sowel die Nuwe-Testamentiese Werksgemeenskap (NTWSA) as die Kerkhistoriese Werksgemeenskap van Suid Afrika onderstreep sy veelsydige en geïntegreerde persoonlikheid in die teologiese wetenskappe.

Binne die OTWSA was Jurie voorsitter van die werkgroep, Geskiedenis en godsdiensgeskiedenis van Israel, terwyl hy tussen 1981-1989 voorsitter van die werksgroep, Agtergrond van die Nuwe Testament, was. In 2004 word hy tot voorsitter van die OTWSA verkies. Hierdie eer gee erkenning aan sy akademiese en persoonlike bydrae binne die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid Afrika.

Le Roux se internasionale blootstelling het reeds in sy jeugjare begin, toe hy met sy doktorsgraad in Kerkgeskiedenis besig was. Gedurende 1979 het hy in ’n polities ongunstige tyd ’n driemaande navorsingsbesoek aan Adriaan van der Woude in Groningen (Nederland) gebring. In 1992 doen hy drie maande navorsing aan die Universiteit van Tübingen (Duitsland), terwyl hy in 1995 ook drie maande aan die Teologiese Universiteit van Kampen, Nederland, navorsing doen. Hy doseer in 2003 vir ’n tyd aan die Teologiese Fakulteit in Utrecht (Nederland).

Sedert 1981 het Jurie reëlmatige studiebesoeke aan teologiese intellings in Nederland, Duitsland en Rome gebring. Hy onderneem studiereise na Israel (1991), Jerusalem en die Ecóle Biblique (1995). Verder lei hy ’n argeologiese groep van Unisa na Lagis (1981) vir opgrawings en volg dit later met ’n argeologiese staptoer in Israel (1985) op. Op verskeie IOSOT (Parys, Cambridge, Oslo, Basel, Leiden) en SBL (Budapest) internasionale kongresse lewer Jurie le Roux gereeld referate.

## 7 Visie vir telematiese onderrig

Sedert Januarie 2000, met die samesmelting van twee teologiese fakulteite (Ned Geref Kerk en Ned Herv Kerk van Afrika) aan die Universiteit van Pretoria, is Jurie le Roux as Bestuurder van Telematiese Onderwys by die fakulteit aangestel. Dit het beteken dat hy sowel teologiese kursusse as relevante inligting van die teologiese fakulteit op die internet bekend moes stel.

Eers met die hulp van dr Christo Lombaard en daarna met behulp van drr Gerda de Villiers en Alphonso Groenewald het Le Roux hierdie bedryf aan die Universiteit van Pretoria suksesvol ontwikkel. Binne die Ou-Testamentiese Wetenskap het Le Roux binne die eerste vyf jaar telematiese kursusse vir Honneurs-, Magister en Doktorale vlak ontwikkel. Kursusse uit ander vakdissiplines soos Kerkgeskiedenis, Bybel- en Godsdienskunde en Praktiese Teologie het hierop gevolg.

Le Roux se visie vir die telematisering van teologiese opleiding het begin ontkiem (1998:454-456; 2002:12-15). Vanaf 2004 het beide die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk van Afrika 'n spesiale poging aangewend om die onderskeie kerkgemeenskappe met teologiese inligting te bedien. Met die webadres www.teo.co.za word weekliks inligting aan meer as tweeduisend adresse van die bogenoemde kerke gestuur. Hierdie inligting sluit preeksketse, boek- en filmresensies, kortartikels, aktuele berigte en ander kerklike bydraes in. Op hierdie manier spreek Le Roux die behoeftes van gemeentes en individue met sy visie vir telematiese onderrig aan.

Dit was Jurie le Roux wat die begrip e-bediening in 1998 gemunt het, lank voordat enige e-kerk vanuit die Ned Geref Kerk in die Morelettapark-gemeente (Pretoria) bedryf is. Met 'n spesiale e-bediening in die Pretoriase *Harmonie* gemeente stuur Jurie in samewerking met ander kollegas drie keer per week via internet Bybelse dagstukkies aan predikante, teoloë en ander belangstellendes. Hierdie dagstukkies is 'n poging om aan mense se geestelike behoeftes te voorsien. As alternatief tot fundamentalistiese en ander populêre teologieë maak hierdie dagstukkies 'n appél op die rede en wetenskaplike nadenke van Christelike gelowiges.

## 8 Betrokkenheid by studente

Die warm en mens-vriendelike persoonlikheid van Jurie le Roux is op verskillende vlakke speurbaar. Nie net as kollega nie, maar ook as dosent is hy 'n gewilde persoonlikheid. Humor vorm een van die belangike boustene van die meeste van sy verhoudings. Jurie is 'n sagte en oortuigbare mens ten spyte daarvan dat hy in sy akademiese wese 'n passiewe anargis en rewolusionêr is. Ook sy studente-verhoudings baat by sy toegeeflike lewensinstelling. Die informele, dog goed voorbereide styl van sy voorlesings en openbare voordragte onderstreep sy goeie kommunikatiewe vaardighede.

Jurie was eksterne eksaminator by die meeste universiteite in Suid-Afrika waar daar teologiese fakulteite of departemente van Bybelkunde was. Dit sluit die universiteite van Unisa, UP, Universiteit van die Noorde, Rhodes, die voormalige RAU, Stellenbosch en Vrystaat in. By al hierdie tersiêre instellings het hy gasvoordragte en/of voorlesings gelewer.

Afgesien van verskeie teologiese en magister-studente wat hul BD skripsies, verhandelings of skripsies by Jurie geskryf het, was hy die studieleier van vyf en mede-studieleier van twee doktorale studente.

Jurie le Roux se deernis vir die akademiese en persoonlike ontwikkeling van studente bou die basis vir sy akademiese bedryf.

## C SLOTWOORD

Jurie le Roux se persoonlikheid weerspieël ’n menslikheid op talle vlakke van die lewe. Hierdie rabbi van die Ou Testament se besorgdheid oor die nood en belang van randfigure in die samelewing bied ’n refleksie op sy eie lewe en teologie.

Le Roux is inderdaad ’n veelsydige en geïntegreerde teoloog. Afgesien van sy liefde vir en toewyding in Ou-Testamentiese studies toon hy ’n lewendige belangstelling in verskeie ander akademiese dissiplines. Dit sluit die Kerkgeskiedenis, Sosiologie, Filosofie, Musiek, Kultuur, Afrikaans en Nuwe-Testamentiese studies in.

Binne die Suid-Afrikaanse teologiese konteks het die naam Jurie le Roux sinoniem geword met die beoefening van die Historiese Kritiek. By uitnemendheid maak hy sy Suid-Afrikaanse teologiese gehoor bewus van ’n historiese sensitiwiteit vir die interpretasie van die Ou Testament. Hy is ’n uitnemende akademikus en gespreksgenoot. Mag hierdie gewaardeerde teoloog en Ou Testamentikus nog lank lewe om waarde tot die beoefening van Teologie in Suid Afrika te voeg.

## D LYS VAN PUBLIKASIES

Die volgende is ’n lys van publikasies wat Jurie le Roux die afgelope 34 jaar geskryf het.

**1972**

- *’n Godsdienssosiologiese ontleding van Max Weber se stelling dat Protestantisme verantwoordelik is vir kapitalisme*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde MA verhandeling in Sosiologie), 1-111.

**1973**

- ’n Deskriptiewe benadering tot die Ou Testament, *Theologia Evangelica* 6, 127-137.

**1974**

- Die aard, taak en metode van die teologie van die Ou Testament. *Theologia Evangelica* 7, 22-32.

**1975**

- Paasfees in die vroeë kerk. *Theologia Evangelica* 8, 23-37.

**1976**

- *Die paasbeskouing van Gaudentius van Brixia.* Pretoria: Unisa (Ongepubliseerde DD-proefskrif), 1-311.
- Die credoteorie (Dt 26:5-9). *Theologia Evangelica* 11*,* 22-33.

**1977**

- Die Romeinse tydperk, in: A H van Zyl (red.), *Israel en sy bure.* Durban: Butterworths, 256-290.
- The Roman period, in: A H van Zyl (ed.), *Israel and its neighbors.* Durban: Butterworths, 258-292.

**1979**

- Die Jahwis en die Heksateug. *Theologia Evangelica* 12, 3-15.

**1981**

- *Eksodus en Sinai.* Unisa: Pretoria (Ongepubliseerde DTh-proefskrif), 1-264.
- Response to W S Vorster's 'On the origins of Christianity', in: W S Vorster (ed.), *Christianity among the religions.* Pretoria: Unisa, 56-101.
- The 'last days' in apocalyptic perspective. *Neotestamentica* 12, 41-74.
- Die kerkgeskiedenis in ekumeniese perspektief. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 7, 1-13.

**1982**

- 'n Onvoltooide gesprek oor die aartsvaders. *Theologia Evangelica* 15, 7-18.
- Die ontstaan en die kanonisering van die Bybel, in: F E Deist (red.), *Die Bybel leef.* Pretoria: Van Schaik, 251-264.
- *Harmonie 1957-1982.* 'n Gemeentegeskiedenis van die NG Kerk Harmonie. Pretoria: Apollo, 1-68.

**1983**

- Exodus and Sinai according to Gerhard von Rad. *Old Testament Essays* 1, 105-113.
- A confessional approach to the Old Testament. *Old Testament Essays* 1, 114-129.
- The use of Scripture in 1 Enoch 6-11. *Neotestamentica* 17, 28-29.
- God alles, die mens niks. Gedagtes rondom Luther se 'Die Sieben Buss-

psalmen' van 1517, in: J W Hofmeyr, *Martin Luther leef / lives.* Pretoria: Unisa, 26-38.

**1984**

- A holy nation was elected. The election theology of Exodus 19:5-6, in: W C van Wyk, *The exilic period. OTSSA* 25/26, 59-78.
- Mede-redakteur saam met J A Loader van *Old Testament Essays,* Vol 2.

**1985**

- Professor Jan Stoop as kerkhistorikus, in: C Landman & D P Whitelaw (reds), *Oorspronge in oënskou.* Pretoria: Unisa.
- Response op D P Whitelaw se 'Apocalyptic and the Reformation', *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 79-80.
- Sociology and the Old Testament. *Old Testament Essays* 3, 80-90.

**1986**

- Die profetiese perspektief, in: F E Deist & W S Vorster (reds), *Woorde wat ver kom.* Kaapstad: Tafelberg.
- Texts with a prophetic perspective, in: F E Deist & W S Vorster (eds), *Words from afar.* Kaapstad: Tafelberg.
- Johannes du Plessis as Bybelwetenskaplike. *Theologia Evangelica* 19, 15-35.
- Mede-redakteur met J J Burden van *Old Testament Essays,* Vol 4.

**1987**

- Teologie in 'n krisis, in: F E Deist & J H Le Roux, *Rewolusie en reïnterpretasie.* Kaapstad: Tafelberg , 101-159.
- Theology in a crisis, in: F E Deist & J H Le Roux, *Revolution and reinterpretation.* Cape Town: Tafelberg, 104-165.
- Esegiël, Obadja, Haggai, Sagaria, Maleagi, in: J J Burden & W S Prinsloo, *Tweegesprek met God.* Kaapstad: Tafelberg, 175-194, 249-253, 287-296, 297-328, 329-336.
- Ezekiel, Obadiah, Haggai, Zechariah, Malachi, in: J J Burden & W S Prinsloo, *Dialogue with God.* Cape Town: Tafelberg, 176-196, 251-256, 290-299, 300-333, 334-342.
- The Unisa Department of Old Testament: A theological appraisal. *Old Testament Essays* 5, 198-221.
- Ou Testament teologie en die geskiedenis van Israel, in: W S Prinsloo & W Vosloo (reds), *Ou Testament teologie: gister, vandag en more.* Pretoria: NG Kerkboekhandel, 67-73.

- As die profeet se woord teleurstel. *NGTT* 28/4, 216-230.
- Two readings of Isaiah 61, in: P G De Villiers, *Liberation theology.* Pretoria: Unisa, 20-32.

**1988**

- Eschatology and the prophets. *Old Testament Essays* 1/1 (New Series), 1-25.
- An important new publication. *Neotestamentica* 21/2, 241-246.
- Albertus van Zyl as Ou-Testamentikus, in: W S Prinsloo & W *Vosloo, In mensetaal oor God se Woord.* Kaapstad: Lux Verbi, 84-96.
- Die Departement Ou Testament UP, 'n halwe eeu. *Skrif en Kerk,* 9/2, 160-180.

**1989**

- Abraham, in: W S Vorster & A S Engelbrecht, *Uit genade alleen.* Pretoria: Unisa, 55-63.
- I & 11 Konings, in: A H Van Zyl (red.), *Verklarende Bybel.* Kaapstad: Lux Verbi, 367-439.
- W S Prinsloo se immanente lees van die Psalms. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 20/4, 383-391.
- Tora, Lyding in: A C Barnard (red.) *Die jaar van God se genade.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel, 55-59,90-93.

**1990**

- Eensaamheid in lyding, in: C J A Vos & J C Müller, *God in ons lyding.* Pretoria: Orion, 48-57.
- Biblical and modern historiography. *Old Testament Essays* 3/1, 23-42.
- Sending en Pentateugkritiek. *Skrif en Kerk* 11/2, 186 -197.
- Charles Fensham. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 31/4, 26-30.

**1991**

- Oor paradigmas en progressie in die teologie. *Skrif en Kerk* 12/2, 277- 292.
- God het die ryke ook lief, H L Bosman (red.) *Purper en Flenterlap* Pretoria: Van Schaik.
- God also loves the rich, H L Bosman (red.) *Plutocrats and Paupers* Pretoria: Van Schaik.
- The study of wisdom in South Africa, *Old Testament Essays* 4/3, 342-361.
- The Bible and the new South Africa, *Journal of Theology* 76, 103 -106.

**1992**

- Op die breuklyn. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 33/3, 291-300.
- Tweede herdruk van F E Deist & J H Le Roux, *Revolution and reinterpretation.*
- Die bekering van die jong Andrew Murray. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 17/1, 43- 60.

**1993**

- *A story of two ways. Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa.* Pretoria: Verba Vitae, 1-383.
- A taste of Deistian hermeneutics, in: W J Wessels & E H Scheffler, *Old Testament science and reality.* Pretoria: Verba Vitae, 1-20.
- The nature of historical understanding. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 18/1, 15-35.
- Waar is die bose magte dan? in: S J Joubert & J G Van der Watt, *Satan ontbloot.* Vereniging: CUM, 11-27.

**1994**

- In search of Carroll's Jeremiah. *Old Testament Essays,* 7/1, 60-90.
- An intellectual journey. *Neotestamentica* Supplement 3, 11-43.
- Historical criticism: the end of the road? *Old Testament Essays* Supplement 7/4: 198-202.
- God se brug na die mens: iets goddeliks of iets menslik. *Skrif en Kerk* 15/1, 27-37.
- Die grote God en die kleine mensie, in: C J A Vos & J C Müller (reds), *Menswaardig.* Halfway House: Orion, 56-67.
- God is in beheer, in: S J Joubert & J G Van der Watt, *Wanneer jy vra waarom?* Vereeniging: CUM, 11-27.
- Derde herdruk van F E Deist & J H Le Roux, *Revolution and reinterpretation.*

**1995**

- Afrikaans en die wetenskap, *UP-Dosent* 6/1, 24-35.
- No theology, no relevance, no new South Africa, *Old Testament Essays* 8/1, 1-30.
- Die kontoere van 'n weerstand, *Skrif en Kerk* 16/1, 82-101.
- Carl Borchardt as kerkhistorikus, *Skrif en Kerk* 16/2, 1-18.

**1996**

- Politieke mag, die Ou Testament en kerkeenheid. *Skrif en Kerk* 17/2,

359-372.

- ’n Nuwe godsdiensgeskiedenis van Israel. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 37/4, 610-622.
- Andries van Aarde se Matteusinterpretasie. *Hervormde Teologiese Tydskrif* 52/4, 653-670.
- Eksegese is ’n spel. *Acta Theologica* 16/1, 41-56.
- *Woorde van wysheid: Lewenskuns vir elke dag. ’n Bybelstudie oor die boek Spreuke,* Vereeniging: CUM, 1-87.
- Vertaling van die boek Spreuke, in: S J Joubert & J G van der Watt. *Die Boodskap. Met Psalms en Spreuke.* Vereeniging: CUM, 1050-1122.

**1997**

- Engele en die Ou Testament, in: S J Joubert & J G Van der Watt, *Hy sal sy engel voor jou uitstuur.* Vereniging: CUM, 11-31.
- Our historical heritage. *Old Testament Essays* 10/3, 401-423.
- Teologiese opleiding en die toekoms. *Acta Theologica* 17/2*,* 1-23.
- Vierde herdruk van F E Deist & J H Le Roux, *Revolution and reinterpretation.*

**1998**

- Godsdiens het die politiek nodig en die politiek is weerloos daarsonder. *Skrif en Kerk* 19/2, 301-313.
- Teologiekroniek. *Skrif en Kerk* 19/2, 449-458.
- Verlos ons van die waarheid. *Fragmente* 2, *Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek*, 120-131.
- Israel’s past and the feeling of loss (Or: Deconstructing the minimum of the minimalists even further). *Old Testament Essays* 11/3, 477-486.
- Verwysings in I Konings, *Verwysingsbybel 1983-Vertaling.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery, 382-421.

**1999**

- 1 & 2 Kronieke, in: W Vosloo & F J van Rensburg (eds). *Die Bybellennium. Eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM, 439-513.

**2000**

- Die oue weier om te verdwyn. *Skrif en Kerk* 21/3, 592-606.

**2001**

- Circles of dignity: community wisdom and theological reflection. *Neotestamentica* 35(1-2), 179-180.

**2002**

- The Old Testament in a new medium: graduate studies in the Old Testament via the internet at the University of Pretoria. *Bulletin for Old Testament Studies in Africa* 13, 12-15.
- Andries van Aarde se vaderlose Jesus. *Hervormde Teologiese Studies* 58/1, 77-99.
- Gerhard von Rad – ’n Honderd jaar. *Hervormde Teologiese Studies* 58/4, 1577-1592.
- Wat dateer ons? Enkele opmerkings rondom die daterings van Bybelse tekste.
- *Hervormde Teologiese Studies* 58/4, 1855-1867.
- Hans-George Gadamer en die Ou Testament. *Verbum et Ecclesia* 23/2, 383-392.
- Vertaling van Genesis, Deuteronomium 1-16, 1 Konings, Hooglied, Prediker Spreuke, in: S J Joubert & J G van der Watt (reds). *Die Boodskap. Die Bybel in hedendaagse Afrikaans.* Vereeniging: CUM,

**2003**

- Von Harnack, Marcion en die Ou Testament. *Verbum et Ecclesia* 24/1, 124-136.
- Augustine and the study of the psalms (Or: The Psalms as a book of enjoyment and as an answer to a question). *Old Testament Essays* 16/3, 625-634.

**2004**

- Die mag van religieuse idees. *HTS Teologiese/Theological Studies* 60/3, 743-753.
- Augustine, Gadamer and the Psalms (or: The Psalms as answer to a question), in: D J Human & C J A Vos (eds), *Psalms and Liturgy* (JSOT Suppl. Ser. 410). London / New York: T & T Clark, 123-130.

**2005**

- Die Pentateug tussen deel en geheel. *Old Testament Essays* 18/2, 265-280.
- Pro Pent. A project for the study of the Pentateuch in South Africa, in E Otto & J Le Roux (eds). *A Critical Study of the Pentateuch. An encounter between Europe and Africa.* Münster. LIT Verlag, 1-21.
- Mede-redakteur saam met Eckart Otto. *A Critical Study of the Pentateuch. An encounter between Europe and Africa.* Münster. LIT Verlag, 1-192.

**2006**

- Vertaling van die boeke Genesis, Deuteronomium 1-16, 1 Konings, Hooglied, Prediker, Spreuke, Prediker en Hooglied in: S J Joubert & J G van der Watt. *Die Boodskap. Die Bybel in hedendaagse Afrikaans.* Vereeniging: CUM, 13-79, 227-276, 420-459, 789-842 [herdruk].
- Die lyf se troos. *Verbum et Ecclesia* 27/1, 26-41.

## Ander skryfprojekte

Jurie is tans besing met verskeie ander skryfprojekte. Van die belangrikste projekte is:

- ’n Bybelkommentaar op 1 Konings 1-22 vir ’n internasionale reeks, *Historical Commentary on the Old Testament.*
- Die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.
- ’n Opgedateerde uitgawe van *A story of two ways. Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa* vir internasionale publikasie.